NG GEMEENTE SONSTRAAL
*Straal uit vir Christus!*

H/v Tulip- en Hebronstraat
Amanda Glen
Durbanville

Posbus 809
Durbanville, 7551

Tel: (021) 976-1236
Faks: (021) 976-1211
Epos: kantoor@sonstraal.org.za
Webtuiste: www.sonstraal.org.za

27 November 2016

By die Algemene Sinodesitting van 2015 is daar besluit om gemeentes die ruimte te gee om selfdegeslagverhoudings van liefde en trou volledig te erken. Sonstraal NG Gemeente se kerkraad het toe besluit om 'n proses binne te gaan waarin ons na mekaar luister voordat ons tot 'n besluit kom.

Gedurende die loop van 2016 het ons vir ses weke saam met Durbanville Moedergemeente gesprekke gevoer rondom die saak van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif. Intussen het die NG Kerk by 'n Buitengewone Algemene Sinodesitting in 2016 al die besluite van 2015 t.o.v selfdegeslagverhoudings nietig verklaar. Dit beteken dat die ruimte wat die Algemene Sinode vir gemeentes gegee het om selfdgeslagverhoudings van liefde en trou te erken, nou weer teruggetrek is. Ten spyte van die feit dat hierdie Buitengewone Algemene Sinode dit duidelik gestel het dat hierdie besluit nie op gemeentes afgedwing sal word nie, het dit het tot groot verwarring in die kerk gelei.

Na hierdie Sinodesitting het ons ook in die gemeente self twee sulke gespreksgeleenthede gehad. By die Kerkraadsvergadering van 23 November 2016 het ons ook geluister na die getuienisse van twee van ons lidmate wat onderskeidelik al meer as 10 jaar in selfdegeslagverbintenisse van liefde en trou leef. Ons het ook opnuut gekyk na die verloop van die Algemene Sinode se besluite oor die saak en ons het weer na die Skrif geluister waarna ons **eenparig besluit** het om ons te vereenselwig met die besluit van 2015:

**Die hart van ons kerkraad se besluit is:**

- Ons is 'n inklusiewe en liefdevolle gemeente waar daar ruimte is vir verskillende oortuigings oor die saak van selfdegeslagverhoudings.
- Ons aanvaar mekaar op grond van ons geloof in Christus as lede van die liggaam van Christus ongeag ons seksuele oriëntasie.
- Vir alle verhoudings, ongeag seksuele oriëntasie, geld dieselfde Skriftuurlike eis van liefde en trou.
- Ons glo God seën ook selfdegeslagverhoudings van liefde en trou en daarom mag dit ook deur ons leraars en in ons kerkgebou ingeseën word.

Vir diégene wat meer agtergrond wil kry oor die kerkraadsbesluit oor selfdgeslagverhoudings word 'n spesiale geleentheid geskep:
Die leraars gaan dieselfde aanbieding wat hulle by die kerkraadsvergadering gedoen het, by 'n spesiale aandgeleentheid doen: **Sondag, 4 Desember om 18:00** by die Kerksentrum.



LERAARS: Dr AP Cilliers, Ds GA Agenbag, Ds C Hanekom, Ds JT Ackerman

**Sonstraal NG Gemeente se volledige verklaring t.o.v selfdegeslagverhoudings.**

- Ons is bewus van die verskillende en uiteenlopende emosies oor die besluite van die onlangse buitengewone Sinodesitting.
- Ons betreur dit dat die verwarring wat daar tussen 2015 en 2016 oor hierdie saak bestaan het groot pyn veroorsaak het vir homoseksuele lidmate, hulle families en die res van die liggaam van Christus wat vir hulle lief is.
- Ons is oortuig daarvan dat die besluit van die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 oor selfdegeslagverhoudings nie voldoen aan die Bybelse eis van geregtigheid nie.
- Ons is baie bewus daarvan dat ons as gelowiges verskillende oortuigings en emosies ten opsigte van selfdegeslagverhoudings kan hê, en dat dit nie beteken dat sommige van ons nie die Here dien of uit sy liefde leef nie. Ons strewe daarna om 'n gemeentelike ruimte te wees waarbinne ons in liefde van mekaar kan verskil.
- Omdat ons 'n liefdevolle ruimte is waarbinne daar ruimte vir diversiteit is, is Sonstraal gemeente egter op reis terwyl ons 'n meer en meer inklusiewe geloofsgemeenskap word, waar menswaardigheid, regverdigheid, heling en medelye deur almal beleef word.
- Ons glo dat Christus die hoeksteen van 'n Christelike gemeenskap is (Ef. 2:20-22), en nie die gesin nie (soos verwoord in die 2016 (4.6) besluit).
- Daarom glo ons dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar word. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
- Hierdie oortuigings is alles gebaseer op ons verstaan van die Woord van God. Ons bely die Bybel as die Woord van God. Na deeglike oorweging van die tekste wat gewoonlik in die huidige gesprek gebruik word, is ons oortuig daarvan dat dit in daardie tekste gaan oor die veroordeling van geweld, seksuele perverse optrede en afgodery en nie oor gelowiges van dieselfde geslag wat in 'n vaste verbintenis van liefde en trou met mekaar saamleef nie. Uiteindelik is die groot teks van die lewe en werk van Jesus vir ons deurslaggewend in die beoordeling van selfdegeslagverhoudings.
- Daarom glo ons dat die groot gebod en die tweede wat daaraan gelyk is, om God lief te hê en jou naaste soos jouself (Lev. 19:18; Mat. 22:37-40), leidend is in die verstaan en uitleef daarvan. Dit geld vir almal, ongeag hulle seksuele oriëntasie. Om daardie rede wil ons almal omarm en niemand uitsluit nie.
- Ons aanvaar dat die seksualiteit van mense 'n gawe van God is en reken dat dit in al sy kompleksiteit vir almal aan dieselfde etiese norme van “liefde en trou” onderwerp moet word en reken dat dit die kerk se taak is om mekaar te help om ons Godgegewe seksualiteit binne die kontoere van liefde en trou uit te leef.
- 'n Verhouding van “liefde en trou” is 'n durende verhouding waarin gelyke “partners” mekaar met deernis versorg en vervul en vreugde verskaf. “Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie” [Rom 13:10].
- Hierdie verbintenis van liefde en trou tussen twee persone van dieselfde geslag word deur God geseën en behoort daarom ook liturgies geseën te word. Daarom mag ons leraars selfdegeslagverbintenisse inseën en mag ons kerkgebou ook hiervoor gebruik word.